

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 Augustus 1975

Onderwerp: Die ouer se taak - Biddag vir die
Sondagskool

Lees: Génesis 27 verse 30 tot 41

Teks: Génesis 27 vers 37

Sing: Psalm 147 verse 1 en 5
Gesang 118 vers 2
Gesang 94 verse 3 en 4

“Daar is seker weinig tonele meer hartroerend as hierdie, waar ’n vader totaal verleë voor sy eie seun staan. En dit is nie maar net ’n verhaal nie. God het dit vir ons gegee as ’n boodskap wat geen ouer mag verontagsaam nie.

“Isak was ’n goeie, vroom en innige gelowige mens. Die skrywer teken hom as ’n man met ’n wonderlike gebedsoming met God. Iemand wat op ’n besondere wyse die seën van die HERE ondervind het. Selfs die heiden, Abiméleg, het van hom getuig: ‘Jy is nou eenmaal die geseënde van die HERE.’ (Gen 26:29) Sy lewe het ook van sy omgang met God getuig.

“Hy was ’n man wat net een vrou gehad het en dit in ’n tyd toe feitlik almal vroue en bywywe gehad het.

“Tog het hierdie Godvresende man, hierdie troue eggenoot en eerbare man, groot huislike smart beleef.

“Ons sien hom in hierdie teksgedeelte as ’n ou man wat neergeslaan en verbyster voor sy eie seun staan en vir hom vra: ‘Wat kan ek dan nou vir jǎou doen, my seun?’ (Gen 27:37)

“Die skrywer teken vir ons hier ’n seun, ’n man in die krag van sy lewe, wat tot die ontdekking gekom het dat hy niks het nie. Hy het alles verloor - nie alleen sy eersgeboortereg nie, maar ook sy seën. Hy het daarvoor sy vader so ontnugterd en verbysterd gestaan, dat Isak in sy smart moes uitroep: ‘Wat kan ek dan nou vir jǎou doen, my seun?’

“Sy verlede was nie mooi nie en daar was vir hom geen toekoms nie. Hy het alles verloor wat die moeite werd is om te besit. En die HERE toon ons waar die fout in sy lewe gelê het.

“Hierdie seun was nie toegerus vir die lewe nie. Hy het die geloof in God gemis. Die geloof wat daar in sy

grootvader Abraham was en in die hart van sy vader geleef het, het hy nie gehad nie.

“Hy was ’n flinke jongman van die daad, maar hy het God nie geken nie. Sy lewe was uit en uit aards. Hy het net op die horisontale vlak beweeg en nooit opgekyk nie. Die sienlike dinge alleen het by hom getel. Hy het vir niks anders tyd gehad nie.

“Ons leer hom ken as ’n man van die natuur, wat vir die geestelike dinge geen oog gehad het nie. Hy het nie soos sy grootvader geglo, of soos sy vader sy knieë voor God gebuig nie. Hy het geen besef gehad van wat dit beteken om kind van die verbond van God te wees nie. Die belofte van die verbond het vir hom geen waarde gehad nie.

“Hy was nie baie sleg nie, daar was ook ’n mooi verhouding tussen hom en sy vader. Maar daar was by hom net niks van die hoër lewe nie. Hy het God nie geken nie en het die dinge van God geminag. Die gevolg was dat hy ’n heeltmal verkeerde sin vir waardes gehad het. Die geestelike en hoër dinge het by hom nie getel nie. Hy was vleeslik en die uiterlike dinge alleen het hom bekoor. Hy het sonder God gesterf.

“Ook toe hy vir hom ’n lewensmaat moes kies, het hy nie na die karakter en geloof van sy vrou gekyk nie. Hy het vir hom ’n Hetitiese vrou geneem, en nie net een soos sy vader nie. Hy het meer as een geneem. Hy het vir hom ’n heidense vrou geneem, omdat hyself in sy hart ’n heiden was.

“Dit het sy ouers baie seer gemaak, maar daaraan het hy hom nie gesteur nie. Sy ouers was vir hom outyds.

“Hy het met verkeerde mense omgegaan en buite die kring van sy volk en van die geloof getrou. Só gespeen van die geloof het hy geleef, dat hy sy eersgeboortereg, waaraan al die beloftes van God verbonde was, vir ’n stukkie brood en ’n kooksel lensies verkoop het. Die aardse was vir hom meer werd as die ewige.

“Onbekommerd en onverantwoordelik het hy slegs vir die dag geleef. Die voordeel van die oomblik en die bevrediging van die wellus was vir hom alles. Los en wild soos ’n man van die veld het hy geleef, sonder om hom aan die vermaning van sy ouers te steur. Hy het gedoen net wat hy wou en wat vir hom lekker was. Hy het oppervlakkig gelewe. Ons noem dit vandag permissiwiteit.

“Só het hy gelewe totdat hy hom vasgeloop het. Toe het hy gehuil. Toe het hy, soos die boek Hebreërs dit

beskrywe (Heb 12:16), daar voor sy vader met trane vurig begeer om sy eersgeboortereg terug te kry. Maar daar was nie meer geleentheid vir berou nie. Dit was te laat.

In 'n goeie huis en as kind van vroom ouers het hierdie seun alles verloor. En hy het alles verloor omdat hy die God van sy ouers nie wou hê nie. Hy het verkeerd gekies. Hy het die rug op sy God gedraai.

“Wat hierdie verhaal nog des te meer tragies en hartroerend maak, is die feit dat hierdie goeie Godvresende ouers in daardie oomblik van smart en ellende in hierdie jongman se lewe, nie net verleë voor hul seun kom staan het nie, maar sêlf skuldig was voor God.

“Hierdie ouers het nie besef dat 'n kind nie vanself reg loop nie. Hulle het by tye met hom gepraat oor sy verkeerde maats en sy verhouding met heidense vroue. Maar hulle het hom nie geleer om tussen goed en kwaad te onderskei nie. Hulle het hom laat begaan en hom nie reg gelei nie. Miskien het hulle ook maar gesê: ‘Ag, sy geaardheid is maar so. Hy is nou eenmaal 'n man van die veld.’

“Nêrens in die teks lees ons dat hulle hom geleer het dat hy nie 'n heidenskind is nie, maar 'n kind van die verbond - 'n kind van die verbond met 'n heerlike toekoms en 'n ewige bestemming. Hulle het hom wel vermaan en soms met hom geraas, maar as ons na die gedrag van Rebekka kyk, is dit duidelik dat sy hom nie na die Woord van God gelei het nie.

“Hierdie ouers het hulle kinders wel liefgehad, maar hulle liefde was aards. Rebekka het vir Jakob voorgetrek. Hulle het ook nie in die opvoeding van hulle kinders saamgewerk nie. En daar is niks so fataal as ouers wat nie saamwerk in die opvoeding van hul kinders nie. Dit ruïneer die karakter van die kind en waar dit nog met partydigheid gepaard gaan, bring dit skeuring.

“Die vernaamste oorsaak van die ellende in hierdie huis het gelê in die feit dat die opvoeding van die kinders nie volgens die openbaring van die Skrif was nie. Hier het ons 'n voorbeeld van Christene wat hulle kinders nie Christelik opgevoed het nie. Hoe baie gebeur dit nie dat ouers wat self streng gelowig is, hulle kinders nie reg opvoed nie.

“Kyk wat doen Rebekka. Sy gaan vir Jakob voor in bedrog. Sy help hom om sy broer te besteel. En só maak sy haar kind as bedrieër groot en stuur hom só die lewe in.

“Hierdie ouers het ook nie hulle kinders behoorlik vir die lewe toegerus nie. Hulle is nie geleer om die dinge van ewige waarde hoër te ag as die bloot verbygaande dinge nie. Hulle is nie geleer om deur harde inspannende werk vooruit te gaan nie, maar om hulself deur bedrog te bevoordeel.

“Daarby was daar in hierdie huis nie Christelike dissipline nie. Esau is toegelaat om as kind van die veld te leef en te doen net wat hy wou. Só het hierdie ouers hom skeef laat ontwikkel.

“Uit dit alles leer ons dat die opvoeding van ons kinders ’n voltydse werk is. ’n Werk waarvoor ouers baie genade nodig het.

“So maklik kan ons hierdie verantwoordelikheid op ander afskuif: die kerk, Sondagskool en die dagskool. Ons moet onthou dat ons by die doop belowe het om ons kinders op te voed in die vrese van God. Dit is nie die verantwoordelikheid van die Sondagskool en die dagskool alleen nie. Maar, Broers en Susters, ons moet ook nie vergeet nie dat ons by die doop beloof het om hulle te onderrig en te laat onderrig in die vrese van die HERE. As u nie toesien dat hulle by die Sondagskool of Katkisasie kom waar die Woord van God bestudeer word nie, versuim u ’n gelofte wat u aan God gemaak het.

“Onthou hierdie geskiedenis. Toe Esau in ’n groot bitter geroep en geween voor sy vader gestaan het, was hy nie die enigste skuldige nie. Sy ouers het saam met hom skuldig voor God gestaan.

“Die Woord van God is tot ons lering deur God ingegee sodat ons, ons kinders daarvolgens moet opvoed en laat opvoed om hulle volkome toe te rus vir die lewe.

“Die Here Jesus het eenmaal vir ’n bekommerde ouer wie se kind siek was, gesê: ‘Bring hom na My toe.’ Doen dit, Broers en Susters, en u kind sal lewe; en sy plek volstaan in die lewe van ons volk en die Kerk van Jesus Christus.

“Amen.”

Kommentaar:

As jy iemand is wie se ouers nie gelowiges was of is nie en jou nie na God en Jesus Christus gelei het nie, moenie wanhoop nie. Vele Christene het tot bekering gekom sonder dat hulle ouers enige rol daarin gehad het.

En as jy nog nie tot bekering gekom het nie, bid tot Jesus Christus dat Hy jou oë sal oopmaak, dat jy sal sien wie Hy is en Hom as jou Verlosser sal aanneem.

Bring daarna die boodskap van Verlossing aan jou ouers en bid dat Jesus Christus hulle óók tot bekering sal lei.

Indien u nie meer kinders in die huis het nie, gee hierdie preek vir u kinders wat kinders opvoed, óf nog moet opvoed.

Dominee Bester het in 'n aanhef tot hierdie preek geskryf:

“Van Sinodale kant word ons opgeroep om op hierdie dag in besonder in ons gebede te dink aan die werk wat ons kerk doen vir ons dooplidmate.

“Die 273,731 kinders het ons gebede nodig ...

“Vanmôre dank ons die Heer vir 23,727 onderwysers wat Sondag na Sondag die saadjie van God se Woord saai in kinderharte.

“Ons dank God dat 30,697 van ons jongmense gelei kon word om belydenis van geloof af te lê.”

Die NG Kerk is tot niet, grootliks as gevolg van die doelgerigte en berekende infiltrasie en vernietiging deur die Vrymesselary. Hierdie Sondagskool-onderwysers en die kinders wat hulle opgevoed het, is nie meer daar nie.

Wat kan ons daaromtrent doen? Moet ons dit maar net gelate aanvaar?

Ons voorouers het vir hulle geloof veel erger bedreigings in die gesig gestaar en desnieteenstaande oorwinnend volhard in hulle geloof.

Die HERE roep vir jou en vir my, juis in 'n tyd soos dié, om sy werk te doen.

Het jy al ervaar wat dit beteken om vir die HERE te werk?

Begin eers by die mense naby aan jou, jou huisgesin:

Ken jou kinders die HERE? Is Jesus Christus hulle Verlosser en Leidsman? Hou julle elke aand as gesin saam huisgodsdienst? Daar is niks anders wat 'n gesin só saambind nie. Het jy dit al ervaar?

Wat jou verhouding met jou gemeenskap betref:

Begin 'n Bybelstudiegroep met jou vriende en ander gelowiges. Oorweeg die bestudering van die Belydenisskrifte. Dit gee 'n grondige kennis van die Bybel en die Evangelie en stel jou in staat om dwaalleer te identifiseer. Deel terselfdertyd elke dag se

opwindings en uitdagings van Christenskap met mekaar. En bring jou kinders saam. Hulle is ook deel van die gemeenskap van gelowiges.

Gee kopië van preke, soos Dominee Bester s'n, aan Christengelowiges (en ongelowiges) in jou gemeenskap. Jy kan hierdie webadres gee aan gelowiges, selfs al bevind hulle, hulself aan die anderkant van die wêreld.

As daar nie meer 'n kerk of 'n ware Christenkerk in jou gemeenskap is nie, begin 'n huiskerk. 'n Paar gesinne kan elke Sondag bymekaar kom en saam 'n preek lees. Onthou Jesus Christus het gesê: "... waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde." (Mat 18:20)

Waak daarteen om nie bestaande ware Christenkerke met huiskerke te fragmenteer nie.

As daar nie 'n Sondagskool in jou gemeenskap is nie, begin een. Word 'n Sondagskool-onderwyser(es).

Vra wat die HERE se wil vir jou is en gaan doen dit. Dit sal aan jou 'n vervulling en 'n rus vir jou siel gee, wat jy nêrens anders kan kry nie.

Laat ons God se wil doen deur Jesus Christus wat ons daartoe in staat stel.